

HOOFTUK 5

EMPIRIESE ONDERSOEK

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die keuse van die meetinstrument. Daar word besin oor die **onderhoudskedule**, **vraelys** en **gerekenariseerde vraelys** as meetinstrumente en die voor- en nadele van elkeen.

Verder word daar aandag gegee aan die teikengroep aan wie die vraelys gestuur is, die reaksie van die respondente en die **statistiese tegnieke** wat toegepas is om die voltooide vraelyste te ontleed.

Laastens word die data ontleed en geïnterpreteer.

5.2 Navorsingsontwerp

Om 'n model van 'n bestuursinligtingstelsel vir 'n staatsondersteunde skool daar te stel, is dit noodsaaklik om die inligtingsbehoefes van die potensiële gebruikers te bepaal (Ligon, 1978:31). 'n Besinning oor die inligtingsbehoefes van die bestuursleiers aan 'n staatsondersteunde skool dwing 'n mens om die volgende vier vrae te stel (Fourie, 1986:109):

- * Wie benodig die inligting?
- * Watter tipe inligting is nodig?
- * Wanneer word die inligting benodig?
- * Waarom word die inligting benodig?

Antwoorde op die vrae word in hierdie navorsing beperk tot 'n ondersoek na die inligtingsbehoefte van die onderwysbestuurders van staatsondersteunde skole in Transvaal. Die begrening en antwoorde op die vier vrae word vervolgens beskryf:

Wie?

Soos hierbo aangedui, word die navorsing beperk tot staatsondersteunde skole in Transvaal.

Waarom

Om antwoorde op hierdie vraagstuk te bekom, is uitgegaan van die identifisering en omskrywing van die bestuurstake van die onderwysbestuurders in verskillende bestuursareas aan staatsondersteunde skole soos in hoofstuk 4 uiteengesit.

Watter?

Om vas te stel **watter** inligting deur die onderwysbestuurders van staatsondersteunde skole benodig word, is dit nodig om hierdie informasie van die betrokke persone self te verkry.

Wanneer?

Die antwoorde op hierdie vraag hang saam met die vorige vraag. Wanneer die onderwysbestuurder inligting benodig, hang dit af van watter inligting hy benodig. Sommige inligting word intyds benodig en ander weer op 'n gereelde grondslag.

Die empiriese ondersoek in hierdie navorsing gaan dus veral om die beantwoording van watter inligting benodig word. 'n Tweede aspek wat ondersoek word, is die kwaliteit van die inligtingstelsel wat tans deur respondente gebruik word.

5.2.1 Die meetinstrument

De Wet *et al.* (1981:161-164) noem 'n aantal tegnieke waarmee data ingesamel kan word. Van hierdie tegnieke het die onderhoudskedule en posvraelys die meeste moontlikhede vir hierdie navorsing ingehou.

5.2.1 Die onderhoudskedule

Die onderhoud is 'n baie algemene metode van data-insameling wat oor 'n wye spektrum aangewend kan word (De Wet *et al.*, 1981:162). Dit is in wese 'n vraelys wat gedurende 'n onderhoud tydens persoonlike kontak, of tydens 'n telefoniese gesprek ingevul word (Smit, 1988:66).

Hierdie metode van data-insameling hou, volgens Smit (1988:67-69), die volgende voordele in (vergelyk ook Borg & Gall, 1989:446-450):

- * Die verwerking van die resultate is relatief maklik.
- * Geen probleme word ervaar as gevolg van die ongeletterdheid van die respondente nie.
- * Daar is geleentheid vir verduideliking van die vrae.
- * Dit is meer persoonlik.
- * 'n Hoë responskoers word verkry.

- * Dit is meer buigsaam as posvraelyste.
- * Die fisiese voorkoms en versorging van die vraelys is nie so deurslaggewend nie.
- * Identifiserende besonderhede is nie vooraf nodig nie.

Die onderhoudskedule het wel die volgende beperkings (Smit, 1988:69-74; Borg & Gall, 1989:446-450):

- * Die eenheidskoste is hoër as dié van 'n posvraelys.
- * Die respondent het minder vryheid ten opsigte van tyd, plek en omstandighede.
- * Die onderhoudvoerder is gebonde aan tydsbeperking en sekere ure.
- * Slegs 'n beperkte geografiese dekking is moontlik.
- * Die respondente is onderworpe aan heterogene stimuli.
- * 'n Goeddeurdragte kontrolestelsel is nodig om te verseker dat die onderhoudvoerder wel die onderhoude voer en volgens die instruksies handel.

5.2.2 Die posvraelys

'n Posvraelys is 'n vraelys wat per pos aan die respondent versend word of op 'n verskeidenheid maniere die respondent kan bereik. Die navorser en respondent is fisies van mekaar verwyder en die vraelys is die enigste medium van kommunikasie (Smit, 1988:58).

De Wet *et al.* (1981:163) onderskei tussen gestruktureerde en ongestruktureerde vraelyste. Die gestruktureerde vraelys bestaan uit vrae met alternatiewe antwoorde, terwyl 'n ongestruktureerde vraelys aan respondente die geleentheid bied om eie antwoorde te formuleer en ook eie menings te lug.

Volgens Smit (1988:59-62) is die voordele verbonde aan die gebruik van 'n posvraelys die volgende:

- * Die eenheidskoste is relatief laag, omdat onderhoudvoerderskoste en reiskoste vervang word met posgeld wat baie goedkoper is.
- * Die respondent kan die vraelys op 'n tyd invul wat vir hom gerieflik is en genoeg tyd laat om die nodige inligting in te win.
- * 'n Groot aantal respondente kan binne 'n kort tyd bereik word sonder dat dit veel van die navorser se tyd in beslag neem.
- * Respondente wat oor 'n groot geografiese gebied versprei is, kan bereik word sonder dat ekstra uitgawes aangegaan hoef te word.
- * Omdat al die respondente dieselfde vraelys ontvang, is almal onderworpe aan 'n homogene stimulus.
- * Die anonimiteit van die respondent kan gehandhaaf word omdat sy naam, voorkoms en ander moontlike sensitiewe sake vir die navorser onbekend bly.
- * Die verwerking is relatief maklik en vinnig.

Die posvraelys het, volgens Smit (1988:62-66), die volgende nadele:

- * Omdat die vraelys die enigste kommunikasiekanaal tussen die navorser en die respondent is, moet daar baie aandag aan die opstel en versorging van die vraelys bestee word om te verseker dat suksesvolle kommunikasie plaasvind en dat die respondent dit graag sal wil invul.
- * Daar kan 'n verskil tussen die respons- en nierresponsgroep bestaan wat belangrike houdings ten opsigte van die vrae in die vraelys weerspieël.
- * Die invul van baie vraelyste het tot gevolg dat 'n vraelysmoegheid by respondente ontstaan.
- * Gestruktureerde vraelyste is redelik onbuigsaam en dwing respondente om alternatiewe te kies wat nie altyd werklik sy houding of gevoel weerspieël nie.
- * Respondente is nie altyd gemotiveerd om 'n vraelys in te vul nie. 'n Goed bewoorde dekkingsbrief om die aktualiteit van die navorsing te verduidelik, kan die gemotiveerdheid van die respondente verhoog.
- * 'n Posvraelys is baie onpersoonlik en respondente het dikwels die behoefte om kontak met die navorser te maak.
- * 'n Posvraelys is slegs beperk tot geletterdes. Hierdie faktor was egter nie 'n struikelblok vir hierdie navorsing nie.
- * Die lengte van 'n posvraelys is dikwels 'n faktor wat response verlaag.

- * Die name en adresse van respondente moet bekend en op datum wees om 'n posvraelys te kan versend.

5.2.3 Die gerekenariseerde posvraelys

Die gerekenariseerde posvraelys is soos 'n gewone, gestruktureerde posvraelys met die verskil dat die respondent deur die pos 'n rekenaardisket met vrae daarop ontvang. Op die disket is daar ook 'n rekenaarprogram wat sorg dra dat die vrae in die regte volgorde en in die taal wat die respondent verkies op die skerm vertoon word. Die respondent word versoek om die disket in die A-skyfaandrywer van enige IBM-versoenbare rekenaar te plaas, aan te skakel en die instruksies op die skerm te volg. Die respons van die respondent word op dieselfde disket gestoor.

Na afhandeling van die vraelys word die disket weer na die navorser teruggepos. Die response op die diskette wat terugontvang is, word direk deur 'n rekenaar vanaf die diskette ingelees vir statistiese verwerking.

Die gerekenariseerde vraelys is besonder nuttig vir gebruik in vraelyste waar daar heelwat vertakking is met instruksies soos byvoorbeeld "Indien u keuse by vraag 8 'B' was, gaan dan voort met vraag 13. As u keuse 'C' was, gaan dan aan met vraag 19.". Op die gewone posvraelys kan vertakking van vrae lei tot frustrasie van die respondent as gevolg van rondblaaier en omdat die vraelys ook veel langer skyn te wees as wat die respondent werklik moet invul. Met 'n gerekenariseerde vraelys word hierdie probleem totaal omseil daar die rekenaar ingespan word om na die korrekte volgende vraag te spring. Die respondent sien nie eers die nierelevante vrae nie.

'n Rekenaarsoektog met die trefwoorde "QUESTIONNAIRE" en "COMPUTER" het heelwat publikasies opgelewer wat te make het met konvensionele vraelyste wat handel oor die aanwending en gebruik van die rekenaar. Slegs twee artikels het gehandel oor die rekenaar as instrument om response van die mens te verkry. Shaw en Schepers (1988:23) het die persoonlike rekenaar aangewend vir psigometriese toetsing en bevind dat rekenaars doeltreffende, goedkoop, gebruikersvriendelike en betroubare werktuie vir navorsing en opleiding is. Millstein (1987) het die rekenaar aangewend om sensitiewe inligting van hospitaalsiënte in te samel. Haar studies het aangetoon dat data wat deur die rekenaar versamel is nie minder betroubaar of geldig is as data wat op ander wyses ingesamel is nie (Millstein, 1987:524). Daar kon geen bron opgespoor word waar 'n gerekenariseerde posvraelys beskryf word nie.

Die gerekenariseerde posvraelys het al die voordele van die gewone posvraelys soos genoem in paragraaf 5.2.1.2. Dit het egter nog die volgende bykomende voordele:

- * As die vraelys langer as ongeveer 7 bladsye A4-grootte papier is, kos 'n disket goedkoper as om die vraelys op papier te dupliseer.
- * Anders as papier kan diskette na die tyd weer vir 'n ander doel aangewend word.
- * Dit bied waarskynlik aan 'n respondēt, wat moontlik al deur talle vraelyste vermoed is, "iets anders" wat sy belangstelling kan prikkel.
- * As die respondēt 'n rekenaar dadelik beskikbaar het, is dit makliker en vinniger om te beantwoord as die konvensionele vraelys.

- * Omdat die respondente nie vooraf al die vrae en bladsye kan sien nie, word hy nie ontmoedig deur 'n moontlike lang vraelys nie.
- * Dit is baie eenvoudiger en minder arbeidsintensief om die response per rekenaar vir statistiese verwerking terug te lees.
- * Die moontlikheid om tikfoute te maak by die inlees van die response vanaf papier na 'n rekenaar word heeltemal uitgeskakel.
- * Die response van die respondente is absoluut vertroulik, daar slegs 'n persoon met 'n geskikte rekenaarprogram en die nodige kennis die antwoorde kan "lees". Dit bring mee dat meer as een respondente op dieselfde diskette kan "antwoord", sonder dat die ander respondente se response gesien kan word.
- * Omdat 'n rekenaar-diskette so baie inligting kan stoor, is dit moontlik om vraelyste in verskillende tale en verskillende vraelyste aan respondente by dieselfde adres op een diskette te versend wat kostes nog meer verlaag.
- * Waar daar 'n vertakking van vrae op die vraelys is, is dit vir die respondente baie makliker omdat die rekenaarprogram vir die vertakking sorg, terwyl die respondente nie eers die nierelevante vrae sien nie.

Die gerekenariseerde posvraelys het egter nie net voordele nie; dit het onder meer die volgende nadele:

- * 'n Diskette kan makliker in die pos beskadig as 'n vraelys op papier. Die diskette moet dus van 'n duurdur verpakking voorsien word.

- * Dit neem langer om 'n disket te verpak as om 'n vraelys in 'n koevert te plaas.
- * Respondente moet toegang tot 'n rekenaar hê om die tipe vraelys te kan beantwoord.
- * Die respondent moet in 'n mate rekenaargeletterd wees of ten minste 'n positiewe gesindheid ten opsigte van die rekenaar openbaar om die vraelys te kan beantwoord.
- * Die navorser moet in staat wees om die program te kan skryf wat die vraelys beheer. Alternatiewelik moet daar iemand beskikbaar wees wat in staat en bereid is om die program vir die navorser te skryf.
- * Die program en gepaardgaande vrae moet versigtig opgestel word sodat dit foutloos op 'n verskeidenheid rekenaars kan werk. Die program wat die vraelys beheer, moet absoluut gebruikersvriendelik opgestel wees.
- * Die navorser moet sorg dra dat die diskette wat uitgestuur word vry van rekenaarvirusse is. Diskette wat terugontvang word, moet ook getoets word vir moontlike virusinfeksie.
- * Die navorser moet die respondent kan oortuig dat die disket wel vry van rekenaarvirusse is, aangesien heelwat respondente huiwerig is om 'n vreemde disket in sy rekenaar te plaas.

Op grond van bogenoemde voordele en vanweë die feit dat persoonlike rekenaars redelik wydverspreid by skole aangetref word (Van Rensburg, J., 1993), is besluit om die gerekenariseerde posvraelys as primêre

meetinstrument in hierdie navorsing te gebruik. Respondente wat nie tot 'n rekenaar toegang het nie of om een of ander rede verkies om nie die rekenaar te gebruik nie, kon die diskette ongebruik terugstuur. 'n Konvensionele posvraelys is dan aan hierdie respondente versend.

5.2.2 Konstruksie van die vraelys

Op grond van die literatuurstudie (hoofstukke 2, 3 en 4) is 'n vraelys opgestel. Eerstens, was die doel met die vraelys om die inligtingsbehoefte van die topbestuur van staatsondersteunde skole in Transvaal vas te stel. 'n Tweede doelwit met die vraelys was om vas te stel hoe suksesvol bestuurslede hulle huidige inligtingstelsel ervaar. Vraelyste is aan die hoofde van staatsondersteunde skole gestuur. Die hoof van die skool is gekies omdat hy waarskynlik die respondent by die staatsondersteunde skool is wat die beste vertrouwd is met die interne aangeleenthede by die skool en terselfdertyd ook lid is van die bestuursliggaam. Op dieselfde disket was daar ook 'n vraelys gerig aan die voorsitter van die bestuursliggaam om meer spesifiek na die inligtingsbehoefte van die bestuursliggaam te kyk.

Die vraelys vir hoofde bestaan uit 6 afdelings wat soos volg ingedeel is:

Vrae 1 tot 4 : Algemene biografiese en demografiese gegewens.

Die doel van die vrae in hierdie afdeling is om vas te stel watter tipe skool dit is, in watter ouderdomsgroep die respondent val, wat sy rekenaarervaring is en oor watter kwalifikasies hy beskik ten opsigte van onderwysbestuur.

Vrae 5 tot 16 : Die stand van rekenarisering by die skool.

Hierdie groep vrae het ten doel gehad om vas te stel of die skool rekenaars gebruik vir onderrig en of wel oor 'n rekenaarsstelsel beskik wat vir administratiewe doeleindes gebruik word. Indien die skool nie 'n rekenaarsstelsel gebruik en ook nie beplan om sodanige stelsel vir administrasie aan te skaf nie, wou vasgestel word wat die oorwegende rede vir die besluit was. Vir skole wat wel 'n rekenaar vir hierdie doel gebruik, is vasgestel in watter bestuursareas dit wel aangewend word. Met die laaste twee vrae in hierdie afdeling is gepoog om vas te stel of daar personeel by die skole beskikbaar is wat in staat is om 'n rekenaarsstelsel te bedryf en wat die behoefte aan diesulke personeel is. Die laaste vraag in hierdie afdeling was om vas te stel of daar 'n behoefte bestaan om personeel rekenaarvaardig op te lei.

Vrae 17 tot 47: Inligtingsbehoefte

Die doel van hierdie reeks vrae was, eerstens, om vas te stel wat die inligtingsbehoefte van die bestuurders aan 'n staatsondersteunde skool ten opsigte van 'n aantal bestuursareas is. Daar is dus gepoog om die WATTER-vraag te beantwoord. Tweedens, wou die navorser deur hierdie vrae vasstel wat die moontlike leemtes in die bestaande inligtingstelsel is. Die verskillende bestuursareas wat deur die vrae gedek word, is die volgende:

Vrae 17 tot 22: Inligting in verband met personeel

Vrae 23 tot 28: Inligting oor die ouers en die gemeenskap rondom die skool

Vrae 29 tot 32: Inligting in verband met leerlinge

Vrae 33 tot 35: Finansiële inligting

Vrae 36 tot 39: Inligting ten opsigte van fasiliteite

Vrae 40 tot 43: Kurrikuluminligting

Vrae 44 tot 47 het gehandel oor die formaat waarin inligting beskikbaar gestel kan word.

Die vraelys wat deur die voorsitters van bestuursliggame voltooi is, was identies aan dié van die hoofde, behalwe vraag 3 wat handel oor die hoof se opleiding in onderwysbestuur. Die voorsitters moes in vraag 3 aandui of die lede van die bestuursliggame in verskillende portefeuljes verkies word.

5.2.4 Loodsondersoek

'n Voorlopige vraelys is opgestel en 'n rekenaarprogram om die vraelys te beheer, is ontwikkel. Hierdie voorlopige vraelys en program is op diskette gedupliseer en aan 'n aantal ($n=5$) hoofde en lede van bestuursliggame van skole in en om Potchefstroom gegee vir beantwoording en kommentaar.

5.2.5 Finale program en vraelys

Op grond van aanbevelings van die respondente van die loodsvraelys, is enkele wysigings aan die program en die bewoording van die vrae aangebring om die finale program en vraelys daar te stel (kyk bylae 1 en die binne-agterblad vir 'n disket met die program en vraelys).

5.2.6 Administratiewe prosedures

Die finale vraelys is aan die Uitvoerende Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement voorgelê vir toestemming om dit by 'n aantal skole, onder jurisdiksie van die TOD, te mag versprei. Die Uitvoerende Direkteur het toestemming verleen dat die vraelys na skole gestuur mag word op voorwaarde dat die identiteit van die skole of respondente nie bekend gemaak mag word nie en dat die diskette vry van rekenaarvirusse is (kyk bylae 2).

5.2.7 Populasie

Die populasie vir hierdie navorsing het bestaan uit al die staatsondersteunde laer- en hoërskole in Transvaal ten tyde van hierdie navorsing ($N = 898$). Van hierdie totaal was 644 laerskole en 254 hoërskole.

Die grootte van 'n verteenwoordigende steekproef uit hierdie populasie is bereken met die formule (PU vir CHO, 1991:9-20):

$$n \geq \frac{N}{1 + \frac{Nd^2}{10000}}$$

$$n \geq 276,7$$

waar n = grootte van die steekproef

N = grootte van die populasie

$d = 5$ op 'n 5% betekenispeil

'n Gestratifiseerde steekproef van 78 hoërskole en 199 laerskole is ewekansig uit die populasie getrek.

Rekenaardiskette, 'n begeleidende brief met instruksies (kyk bylae 3) en 'n vraelys vir respondente wat nie die disket gebruik het nie (kyk bylae 4), is aan die hoofde van die skole in die steekproef per pos versend.

5.2.8 Reaksie van respondente

Die aantal diskette uitgestuur en terugontvang, word aangedui in tabel 5.1

Tabel 5.1 Gerekenariseerde vraelyste uitgestuur en terugontvang

	n	%
Diskette uitgestuur	277	100
Diskette terugontvang met inligting	173	62.5
Diskette sonder inligting terugontvang	48	17.3
Diskette nie terugontvang nie	56	20.2

'n Vornpie (kyk bylae 4) met vrae om redes vas te stel waarom respondente nie die disket gebruik het nie, is by die disket ingesluit. 'n Konvensionele vraelys is aan respondente versend wat nie die gerekenariseerde vraelys gebruik het nie en aangedui het dat hulle die konvensionele vraelys verkies. 'n Opsomming van die response word in tabel 5.2 saamgevat.

Tabel 5.2 Redes waarom disket nie gebruik is nie

	n	%*
Geskikte rekenaar nie beskikbaar nie	8	2.9
Disketformaat nie geskik vir rekenaar nie	2	0.7
Verkies om nie met rekenaar te werk nie	9	3.2
Disket waarskynlik foutief	1	0.4
Bevrees vir rekenaarvirus	6	2.2
Nie tyd nie	2	0.7
Geen redes verskaf nie	20	7.2
Totaal	48	17.3

** Persentasies van steekproef (n = 277)*

Uit die tabel blyk dit dat nagenoeg 3% van die steekproef aandui dat hulle verkies om nie met 'n rekenaar te werk nie. Dit is moontlik dat van die respondente wat glad nie reageer het nie, of die disket sonder vermelding van redes teruggestuur het, ook verkies om nie 'n rekenaar te gebruik nie. Die feit dat 173 van die diskette, ofswel 62% van die aantal uitgestuur, wel gebruik is, dui daarop dat die gerekenariseerde posvraelys nie as onaanvaarbaar deur die respondente ervaar word nie. 'n Laaste vraag op die disket het ten doel gehad om die respondente wat wel die gerekenariseerde vraelys gebruik het se reaksie daarop te toets. Dié reaksie word saamgevat in tabel 5.3.

Tabel 5.3 Reaksie van respondente op gerekenariseerde vraelys

	f	%
Verkies konvensionele vraelys op papier	21	7.6
Verkies gerekenariseerde vraelys	195	71.0
Om die ewe	59	21.4
Totaal	275*	100

**Respons van hoofde sowel as voorsitters*

Uit tabel 5.3 blyk dit dat die oorgrote meerderheid respondente (71%) wat wel die gerekenariseerde vraelys aangedurf het, dit verkies bo die konvensionele vraelys. Die verhouding van respondente wat 'n gerekenariseerde vraelys verkies tot dié wat die konvensionele vraelys verkies, is bykans 10:1. Hierdie feit onderskryf die vermoede dat 'n gerekenariseerde vraelys in 'n omgewing wat redelik gerekenariseerd is soos 'n skool, beslis moontlikhede as meetinstrument inhou vir opvoedkundige navorsing.

'n Ontleding van al die voltooide vraelyste (gerekenariseerd en konvensioneel) wat betyds terugontvang is om statisties verwerk te word, word aangetoon in tabel 5.4.

Tabel 5.4 Voltooide vraelyste uitgestuur en terugontvang

	Respondente (n)			
	Hoof		Voorsitter	
Tipe vraelys	Uit	Terug	Uit	Terug
Gerekenariseerd	277	173	277	102
Konvensioneel (opvolg)	30	22	85	36
Totaal		195		138
Persentasie van steekproef		70.4%		49.8%

Uit tabel 5.4 is dit duidelik dat 70.4% van die hoofde wel die vraelys voltooi het, maar dat slegs 49.8% van die voorsitters van die bestuursliggame 'n vraelys voltooi het. Telefoniese navrae aan verskillende hoofde van skole waar die vraelys aan die voorsitter nie voltooi is nie, het die volgende redes aan die lig gebring:

- * Hoofde het die instruksies nie noukeurig gelees nie en nie gesien dat daar ook 'n vraelys vir die voorsitter op dieselfde disket voorkom nie.
- * Dit is ongewoon vir hoofde dat meer as een vraelys op dieselfde fisiese medium voorkom. Sommige het na 'n tweede disket vir die voorsitter gesoek.
- * Voorsitters was nie altyd maklik bereikbaar nie.

Alhoewel 85 konvensionele vraelyste agterna aan voorsitters waar net die hoof geantwoord het, uitgestuur is, is net 36 van hierdie vraelyste terugontvang.

Volgens literatuurbronne (Landman, 1980:112; Borg & Gall, 1989:443) is 'n terugvoer van minstens 70% nodig om geldige afleidings te kan maak. Die

respons van die hoofde was dus genoegsaam om geldige afleidings te kan maak . *Aangesien die respons van die voorsitters nie genoegsaam was om geldige afleidings te maak nie, sal net verslag gedoen word van die respons van die hoofde.*

5.2.9 Statistiese tegnieke

Die response op diskette terugontvang, is met 'n spesiale rekenaarprogram ingelees, terwyl die data van konvensionele vraelyste met die hand ingesleutel is. Die data wat in die rekenaar versamel is, is met 'n redigeerprogram gekontroleer en een respons wat deurgaans 'n "2" vertoon het, is uit die lêer verwyder omdat vermoed is dat die sleutelbord van die respondent moontlik kon vasgehaak het. Die res van die data is met behulp van 'n rekenardisket oorgeplaas na die hoofraamrekenaar van die PU vir CHO vir statistiese verwerking. Met behulp van die SAS-program (SAS Institute, 1985) is die frekwensies van die vrae bereken, gepaarde t-toetse, t-toetse en laastens is twee-rigting frekwensies gedoen en uitgedruk. 'n Frekwensieanalise is, eerstens, op al die vrae gedoen om vas te stel wat die totale respons van die hoofde op die verskillende vrae was. Die doel met elk van die ander statistiese tegnieke sal telkens verduidelik word in die gedeeltes waar dit toegepas is.

5.3 Interpretasie van die data

5.3.1 Biografiese- en geografiese gegewens

Afdeling 1 van die vraelys het gegaan oor die tipe skool waaraan die respondent verbonde is en persoonlike gegewens soos ouderdom, opleiding in

onderwysbestuur en rekenaarervaring. Slegs die response van die skoolhoofde sal in elke geval gerapporteer word.

5.3.1.1 Tipe skool

Met hierdie vraag (bylae 1 vraag 1) was die doel om vas te stel aan watter tipe skool die respondent verbonde is. Tabel 5.5 weerspieël die response op hierdie vraag.

Tabel 5.5 Tipe skole

SKOOL	TIPE	f	%
LAERSKOLE	P1	80	41.0
	P2	50	25.6
	P3 en P4	12	6.2
HOËRSKOLE	S1	23	11.8
	S2	8	4.1
	GS	22	11.3
TOTAAL		195	100

Uit tabel 5.5 blyk dit dat die meeste respondente aan groter laerskole (P1) verbonde is, terwyl 'n beduidende aantal aan P2-laerskole verbonde is. Die resultate van hierdie ondersoek behoort dan veral beduidend vir middelslag en groter laerskole te wees.

5.3.1.2 Ouderdom van die respondente

Die doel van hierdie vraag (bylae 1 vraag 2) was om die verspreiding van ouderdomme van die respondente vas te stel. Die verspreiding word weergegee in tabel 5.6.

Tabel 5.6 Ouderdomme van hoofde

OUERDOM	f	%
< 35 jaar	5	2.7
35-44 jaar	74	37.9
45-55 jaar	97	49.7
> 55 jaar	19	9.7
Totaal	195	100

Meer as die helfte van die respondente is in die ouderdomsgroep bokant 45 jaar. Bestuurders in hierdie ouderdomsgroep is gewoonlik traag om die rekenaar te aanvaar en vermy dit om self met die rekenaar te werk (vergelyk 4.13.3.3).

5.3.1.3 Kwalifikasies in onderwysbestuur

Met hierdie vraag (bylae 1 vraag 3) is gepoog om vas te stel in watter mate die respondente gekwalifiseerd is in onderwysbestuur. Die respons op hierdie vraag word weergegee in tabel 5.7.

Tabel 5.7 Kwalifikasies in onderwysbestuur

Kwalifikasie	f	%
Nog nie	35	17.9
Indiensopleiding	65	33.3
V.D.O.	32	16.4
B. Ed.	43	22.1
M.Ed.	15	7.7
D. Ed./Ph. D.	5	2.6
Totaal	195	100

Wat veral bemoedigend uit die tabel is, is dat slegs 18% van die respondente nog geen verdere onderwysbestuursopleiding ondergaan het nie. Dit word vermoed dat hierdie respondente waarskynlik nuutaangestelde hoofde is. Wat egter minder goed vertoon, is die feit dat 51% van die respondente nog geen formele onderwysbestuurskwalifikasie aan 'n universiteit of onderwyskollege behaal het nie. Dit kan verwag word dat die bestuurder aan 'n staatsondersteunde skool, wat uit die aard van sy kompleksiteit besondere bestuursvernuf (vergelyk 2.3.6), beslis baat kan vind by verdere kwalifikasies in onderwysbestuur.

5.3.1.4 Rekenaarervaring

Aangesien die mate van rekenaarvaardigheid van die respondente moontlik 'n invloed mag uitoefen op die aanwending van rekenaars in die skool, was die doel met hierdie vraag (bylae 1 vraag 4) om vas te stel hoe rekenaarervare die respondente is. Die response word saamgevat in tabel 5.8.

Tabel 5.8 Rekenaarervaring van respondente

Ervaring	f	%
Geen	52	26.7
Bepaalde ervaring	88	45.1
In staat tot sigblaai of woordverwerkers te gebruik	54	27.7
Kan programmeer	1	0.5
Totaal	195	100

Uit tabel 5.8 is dit duidelik dat meer as 70% van die respondente geen of baie beperkte rekenaarervaring het. Nieteenstaande hierdie feit het 'n groot aantal (tabel 5.1) die gerekenariseerde vraelys gebruik en het 'n groot persentasie (tabel 5.3) aangedui dat hulle 'n gerekenariseerde vraelys verkies. Bostaande feite dui moontlik daarop dat skoolhoofde as 'n groep, ten spyte van die feit dat meer as die helfte ouer is as 45 jaar (tabel 5.3), minder rekenarsku is as wat die literatuur aandui (vergelyk 4.13.3.3). Laasgenoemde afleiding is in ooreenstemming met die bevinding van Jonker (1990:132) ten opsigte van die topbestuur van onderwyskolleges.

5.3.2 Algemene aanwending van die rekenaar

In hierdie afdeling is probeer om vas te stel in watter mate rekenars by skole aangewend word. Eerstens is daar gekyk na die aanwending van rekenars vir onderrigdoeleindes. In die tweede plek is daar gekyk in watter mate

rekenaars vir administrasie aangewend word en in watter bestuursareas dit gebruik word.

5.3.2.1 Rekenaars vir onderrigdoeleindes

Die doel van hierdie vraag (bylae 1 vraag 5) was om vas te stel in watter mate skole alreeds rekenaars aanwend vir die onderrig van leerlinge. Tabel 5.9 toon die respons aan.

Tabel 5.9 Rekenaargebruik vir onderrig

SKOOL	Ja		Nee	
	f	%	f	%
Laerskole	85	59.9	57	40.1
Hoërskole	43	81.1	10	18.9
Gesamentlik	128	65.6	67	34.4

Uit die voorafgaande tabel is dit duidelik dat die meerderheid skole die rekenaar vir onderrig aanwend. Hoërskole maak persentasiegewys meer gebruik van rekenaars vir onderrig as laerskole. Die verklaring hiervoor is waarskynlik dat baie hoërskole rekenaarstudie as vak aanbied wat die gebruik van rekenaars noodsaaklik maak.

5.3.2.2 Rekenaargebruik vir administratiewe doeleindes

Met hierdie vraag (bylae 1 vraag 6) is gepoog om vas te stel in watter mate skole van rekenaars gebruik maak om administratiewe werk te doen. Die resultaat van die reaksie van respondente word weergegee in tabel 5.10.

Tabel 5.10 Rekenaargebruik vir administrasie

SKOOL	Ja		Nee	
	f	%	f	%
Laerskole	133	93.7	9	6.3
Hoërskole	52	98.1	1	1.9
Gesamentlik	185	94.9	10	5.1

Dit is duidelik uit tabel 5.10 dat rekenaars vir administratiewe doeleindes by 'n baie groot meerderheid skole gebruik word. Hoërskole maak feitlik deurgaans van rekenaars gebruik vir administrasie. Dit is duidelik uit hierdie gegewens dat die bestuurders van skole die waarde van 'n gerekenariseerde administrasiesistelsel besef en dit gebruik.

5.3.2.3 Moontlike toekomstige gebruik van 'n rekenaar vir administrasie

Met vraag 7 (bylae 1) was die doel om vas te stel of dié skole wat nie rekenaars vir administrasie gebruik nie, wel beoog om in die nabye toekoms

'n rekenaar vir hierdie doel aan te skaf. Die reaksie word weergegee in tabel 5.11.

Tabel 5.11 Toekomstige rekenaargebruik vir administrasie

SKOOL	Ja		Nee	
	f	%	f	%
Laerskole	6	66.7	3	33.3
Hoërskole	1	100	0	0
Gesamentlik	7	70	3	30

Van die tien skole wat nog nie rekenaars vir administrasie gebruik nie, het slegs drie aangedui dat hulle nie beplan om in die nabye toekoms wel 'n rekenaar vir administrasie aan te skaf nie. Die feit dui weer eens op die algemene aanvaarding van die rekenaar as administratiewe hulp- en bestuursmiddel by skole.

5.3.2.4 Oorwegings teen die aankoop van 'n rekenaar

Met vraag 8 (bylae 1) was die doel om vas te stel wat oorwegend die redes was waarom skole nie rekenaars vir administrasie wil gebruik nie. Omdat omtrent al die skole (99% van die respondente) wel rekenaars gebruik of beplan om dit te gebruik, verval die relevansie van hierdie vraag feitlik heeltemal. Van die drie skole wat wel nie van plan is om rekenaars te gebruik nie, het twee hoofde aangedui dat die gebrek aan geskikte rekenaarpersoneel die belangrikste oorweging was. Die derde hoof het aangedui dat hy dink die gebruik van 'n rekenaar vir administrasie onnodig is.

5.3.2.5 Rekenaargebruik vir leerlingadministrasie

Hierdie vraag (bylae 1 vraag 9) het ten doel gehad om vas te stel in watter mate skole wat wel rekenaars gebruik dit vir leerlingadministrasie aanwend. Die response van die respondente word saamgevat in tabel 5.12.

Tabel 5.12 Rekenaaraanwending in leerlingadministrasie

SKOOL	Ja		Nee		Deels	
	f	%	f	%	f	%
Laerskole	122	91.7	8	6.0	3	2.3
Hoërskole	51	98.1	1	1.9	0	0
Gesamentlik*	173	93.5	9	4.9	3	1.6

*(Die 10 skole wat nie rekenaars gebruik nie, tabel 5.10, is uitgesluit)

Uit tabel 5.12 kan afgelei word dat die oorgrote meerderheid skole hulle rekenaars aanwend vir leerlingadministrasie. Dit is waarskynlik so dat hierdie bestuursarea die meeste baat vind by 'n gerekenariseerde stelsel en dat die gebruik van die rekenaar op hierdie terrein die meeste rompslomp uitskakel. Leerlingadministrasie is uiteraard baie syferintensief (punte) en omdat die rekenaar by uitstek 'n syferverwerker ("number cruncher") is, is dit waarskynlik die eerste bestuursterrein by skole waar dit aangewend word.

5.3.2.6 Rekenaargebruik in 'n boekhoustelsel

Vraag 10 (bylae 1) het ten doel gehad om vas te stel in watter mate rekenaars by skole aangewend word in 'n boekhoustelsel. Die response op hierdie vraag word weergegee in tabel 5.13.

Tabel 5.13 Rekenaaraanwending in 'n boekhoustelsel

SKOOL	Ja		Nee		Deels	
	f	%	f	%	f	%
Laerskole	120	90.2	11	8.3	2	1.5
Hoërskole	47	90.4	2	3.8	3	5.8
Gesamentlik*	167	90.3	13	7.0	5	2.7

*(Die 10 skole wat nie rekenaars gebruik nie, tabel 5.10, is uitgesluit)

In tabel 5.13 word aangetoon dat skole wat rekenaars vir administratiewe doeleindes gebruik, dit ook in 'n baie groot mate aanwend vir finansiële administrasie. Die vermoë van die rekenaar om met groot noukeurigheid groot hoeveelhede syfers in 'n kort tyd te verwerk, maak dit uiteraard baie geskik vir 'n finansiële stelsel. Hoofde is blykbaar bewus van hierdie voordeel van die rekenaar as dit volgens die hoë gebruiksfrekwensie geoordeel moet word.

5.3.2.7 Gebruik van 'n gerekenariseerde personeelstelsel

Met hierdie vraag (bylae 1 vraag 11) is gepoog om vas te stel in watter mate skole van 'n gerekenariseerde personeelstelsel gebruik maak. Die reaksie van die respondente word in tabel 5.14 aangedui.

Tabel 5.14 Rekenaaraanwending in 'n personeelstelsel

SKOOL	Ja		Nee		Deels	
	f	%	f	%	f	%
Laerskole	102	76.7	16	12.0	15	11.3
Hoërskole	38	73.1	11	21.2	3	5.8
Gesamentlik*	140	75.7	27	14.6	18	9.7

*(Die 10 skole wat nie rekenaars gebruik nie, tabel 5.10, is uitgesluit)

Uit tabel 5.14 is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid skole wel van 'n personeelstelsel op rekenaar gebruik maak. Personeelinligting is nie so syferintensief as finansies en leerlingadministrasie nie, maar hier word wel die krag van die rekenaar ingespan om 'n databasis te beheer (vergelyk 4.13.2 en 4.13.3.1). Dit lyk asof die bestuurders aan staatsondersteunde skole ook deeglik bewus is van hierdie nuttige aanwendingsmoontlikheid van die rekenaar.

5.3.2.8 Rekenaaraanwending in 'n voorraadstelsel

Met die oordra van groot hoeveelhede voorraad, toerusting en apparatuur na die staatsondersteunde skole (vergelyk 3.4.5) het dit nodig geword dat die skool noukeurig rekord moet hou van watter items hulle waar bevind. Die doel van vraag 12 (bylae 1) was dan juis om vas te stel of skole die rekenaar aanwend op hierdie bestuursterein. Die response op hierdie vraag word in tabel 5.15 weergegee.

Tabel 5.15 Rekenaaraanwending in 'n voorraadstelsel

SKOOL	Ja		Nee		Deels	
	f	%	f	%	f	%
Laerskole	74	55.6	40	30.1	19	14.3
Hoërskole	24	46.2	15	28.8	13	25.0
Gesamentlik*	98	53.0	55	29.7	32	17.3

*(Die 10 skole wat nie rekenaars gebruik nie, tabel 5.10, is uitgesluit)

Die gegewens in tabel 5.15 dui daarop dat net meer as die helfte van die respondente wat rekenaars gebruik ook 'n gerekenariseerde voorraadstelsel gebruik. Die persentasie rekenaargebruik in hierdie bestuursarea is aansienlik laer as in die vorige drie bestuursterreine. Die afleiding wat gemaak kan word, is dat die bestuur van toerusting en voorraad in die verlede grotendeels deur die onderwysdepartemente gedoen is (vergelyk 3.4.5) en dat onderwysbestuurders aan skole nie veel behoefte aan inligting op hierdie terrein ervaar het nie. By die oorskakeling na staatsondersteunde skole is daar op hierdie terrein nog 'n traagheidseffek van die vorige modus operandi sigbaar. Dit kan verwag word dat die aanwending van die rekenaar op hierdie terrein sal toeneem soos onderwysbestuurders meer bewus raak van inligtingsbehoefes rakende toerusting, apparaat en voorraad.

Aangesien daar persentasiegewys nie 'n groot verskil tussen die response van respondente van hoërskole en dié van laerskole was nie, sal voortaan net die gesamentlike respons gerapporteer word, behalwe in gevalle waar die response aansienlik verskil.

5.3.2.9 "Sê nou maar... "-navrae

Die doel met hierdie vraag (bylae 1 vraag 13) is om vas te stel of rekenaarstelsels by skole die bestuurders toelaat om finansiële modellering te doen. Die response op hierdie vraag word saamgevat in tabel 5.16.

Tabel 5. 16

Vermoë om "Sê nou maar.... " navrae te kan hanteer

Vermoë	f	%
Ja	17	9.2
Nee	160	86.5
Gedeeltelik	8	4.3
Totaal	185	100

"Sê nou maar..."-navrae is 'n belangrike bestuurshulpmiddel (vergelyk 4.13.3.2) waarmee die invloed van moontlike veranderings in produktepryse, dienste en die aantal leerlinge op totale uitgawes voorspel kan word. Uit tabel 5.16 is dit duidelik dat bykans 90% van rekenaarstelsels by skole nie in staat is om hierdie handige bestuursinligting te verskaf nie. As aanvaar word dat die tien respondente wat nie rekenaars vir administrasie gebruik nie in elk geval nie oor hierdie vermoë beskik nie, is dit duidelik dat minder as 10% van die skole in staat is om maklik finansiële modellering te doen.

Die rede waarom so min inligtingstelsels by skole oor hierdie fasiliteit beskik, kan wees dat finansiële beplanning in die verlede by skole 'n baie kleiner omvang gehad het en dat hierdie beplanning deur die onderwysdepartemente gedoen is (3.4.1). Skole het waarskynlik net finansiële beplanning vir die verkryging en aanwending van skoolfonds gedoen. Laasgenoemde was baie

kleiner in omvang as die finansiële beplanning wat nou by staatsondersteunde skole gedoen moet word. 'n Tweede rede kan wees dat die bestuurders van staatsondersteunde skole net nie bewus kan wees van die bestaan van hierdie nuttige programmatuur nie.

5.3.2.10 Besikikbaarheid van rekenaarkundige personeel

Omdat 'n inligtingstelsel 'n mens-masjienstelsel is (vergelyk 4.11) en die mense wat die stelsel bedryf 'n belangrike komponent van die stelsel is, was die doel met vraag 12 (bylae 1) om vas te stel of daar rekenaarkundige, ervare personeel by skole beskikbaar is. Die response op hierdie vraag word in tabel 5.17 gereflekteer.

Tabel 5.17.

Personeel wat rekenaarkundig is

Kundigheid	f	%
Opgelei en ervare	63	32.3
Opgelei maar onervare	25	12.8
Onopgelei maar rekenaarervare	81	41.5
Onopgelei en onervare	26	13.3
Totaal	195	100

Die gegewens in tabel 5.17 toon aan dat slegs 32% van die respondente aandui dat hulle oor opgeleide en ervare personeel beskik. Word die eerste twee rye van tabel 5.17 bymekaar getel, kan afgelei word dat 45% van die respondente van mening is dat hulle oor rekenaaropgeleide personeel beskik. 'n Moontlike leemte in hierdie navorsing was om vas te stel wat die standaard van opleiding was wat die personeellede ondergaan het. Die som van rye een

en drie uit die tabel dui daarop dat 74% van die respondente van mening is dat hulle oor rekenaarervare personeel beskik. As die wydverspreide gebruik van rekenaars by skole in ag geneem word, kan dit aanvaar word dat daar 'n redelike groot hulpbron van rekenaarervaring reeds by skole opgebou is.

5.3.2.11 Belangrikheid van rekenaaropgeleide personeel

Die doel met hierdie vraag (bylae 1 vraag 15) was om vas te stel hoe belangrik respondente dink dit is om 'n persoon by hulle skole te hê wat voldoende opgelei is om 'n rekenaar met gemak te kan hanteer. Die reaksie van die respondente op hierdie vraag word saamgevat in tabel 5.18.

Tabel 5. 18

Belangrikheid van rekenaaropgeleide personeel

Belangrikheid	f	%
Van geen belang	1	0.5
Minder belangrik	2	1.0
Belangrik	41	21.0
Baie belangrik	151	77.5
Totaal	195	100

Dit blyk uit tabel 5.18 dat 98% van die respondente aandui dat hulle dink dit belangrik tot baie belangrik is om personeel by hulle skole te hê wat voldoende opgelei is om 'n rekenaar met gemak te kan hanteer. Slegs 1.5% ag dit minder of van geen belang. Dit moet ook in gedagte gehou word dat bogenoemde respondente die 10 insluit wat nog nie rekenaars vir administrasie gebruik nie. Dit is dus duidelik dat hoofde wel deeglik bewus is van die belangrikheid daarvan om rekenaarkundige personeel by skole beskikbaar te hê.

5.3.2.12 Die belangrikheid van rekenaaropleidingskursusse

Met vraag 16 (bylae 1) wou vasgestel word of hoofde dink dat dit belangrik is dat daar opleidingskursusse sal wees om personeel by skole meer rekenaarvaardig te maak. Die response op hierdie vraag is saamgevat in tabel 5.19.

Tabel 5.19

**Belangrikheid van indiensopleidingskursusse
in rekenaarvaardigheid**

Belangrikheid	f	%
Van geen belang	1	0.5
Minder belangrik	3	1.5
Belangrik	53	27.2
Baie belangrik	138	70.8
Totaal	195	100

Die gegewens in tabel 5.19 dui daarop dat die oorgrote meerderheid hoofde (98%) 'n behoefte aan opleidingskursusse om personeel meer rekenaarvaardig te maak, ervaar. Word hierdie response saamgelees met die response op vraag 14 (tabel 5.17) waar 45% van die hoofde aandui dat hulle oor opgeleide personeel beskik, kan die volgende afgelei word:

- * Die standaard van rekenaaropleiding van personeel by skole is van so 'n aard dat hoofde voel dat hierdie personeel verder opgelei moet word.
- * Hoofde is van mening dat daar nie voldoende rekenaaropgeleide personeel by hulle skole beskikbaar is nie.

Uit hierdie afdeling van die vraelys blyk dit dat daar alreeds 'n hoë mate van rekenaaraanwending by staatsondersteunde skole is. Die rekenaar word omtrent deurgaans aangewend vir leerlingadministrasie en finansies en in groot mate in 'n personeelstelsel. Voorraadstelsels is die bestuursterrein by skole wat waarskynlik die minste gerekenariseer is. Dit blyk ook dat daar 'n redelike poel rekenaaropgeleide en -ervare personeel by skole is, maar dat hoofde tog 'n behoefte ervaar aan meer- of beter opgeleide rekenaarpersoneel.

In die volgende afdelings word daar ondersoek ingestel na meer spesifieke inligtingsbehoefes op die verskillende bestuursterreine en die geslaagdheid van die inligtingstelsel wat tans in gebruik is om hierdie inligting te voorsien. Respondente wat van mening was dat sekere vrae nie op hulle van toepassing was nie omdat hierdie vrae nie betrekking het op hulle terreine van bestuur nie, kon dit aandui deur 'n afleier "**buite my bestuursterrein**" te kies.

5.3.3 Personeelinligting

In hierdie afdeling wat vrae 17 to 22 van die vraelys (bylae 1) dek, is gepoog om vas te stel wat die inligtingsbehoefes van die bestuurders aan 'n staatsondersteunde skool ten opsigte van hulle personeelbestuurstaak is.

5.3.3.1 Belangrikheid van personeelinligting

Die response van die hoofde van staatsondersteunde skole ten opsigte van die belangrikheid van personeelinligting word saamgevat in tabel 5.20.

Tabel 5.20 BELANGRIKHEID VAN INLIGTING RAKENDE PERSONEEL

TIPE INLIGTING	Van geen Belang		Minder Belangrik		Belangrik		Baie Belangrik		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
17. Gegewens van personeel soos kwalifikasies, ervaring en vaardighede	0	0	3	1.5	61	31.3	131	67.2	0	0
18. Inligting t.o.v. evaluering van personeel	0	0	1	0.5	27	13.8	167	85.6	0	0
19. Inligting oor die bevorderbaarheid van personeel	0	0	6	3.1	40	20.5	148	75.9	1	0.5
20. Gegewens van beskikbare onderwysers in die omgewing vir moontlike aanstellings in tydelike of addisionele poste	1	0.5	17	8.7	85	43.6	92	47.2	0	0
21. Inligting t.o.v. diensvoordele (salaris, verlof, ens.)	1	0.5	24	12.3	65	33.3	104	53.3	1	0.5
22. Geografiese en persoonlike inligting (adresse, telefoonnommers, verjaardae) van personeel	2	1	19	9.7	80	41.0	94	48.2	0	0

Uit tabel 5.20 blyk die volgende:

- * Meer as twee derdes van die hoofde beskou inligting ten opsigte van die kwalifikasies en ervaring, evaluering en die bevorderbaarheid van personeellede as baie belangrik. Dit lyk asof hierdie drie aspekte rakende die inligting omtrent personeel veral belangrik is vir hoofde. Alhoewel dit tog belangrik geag word, lyk dit nie asof die meerderheid hoofde inligting omtrent beskikbare onderwysers in die omgewing vir moontlike aanstellings as van besondere belang ag nie. Met die rasionalisering en gepaardgaande afskaffing van baie onderwysposte is daar waarskynlik tans 'n ooraanbod van onderwysers. Hoofde ervaar waarskynlik dus nie groot probleme om poste gevul te kry nie.
- * Ongeveer die helfte van die respondente beskou inligting oor diensvoordele, asook geografiese en persoonlike besonderhede van personeel as baie belangrik.

Dit kan afgelei word dat personeelbestuur vir die oorgrote meerderheid respondente 'n belangrike bestuursterrein is en dat inligting in verband met personeel vir hoofde baie belangrik is.

5.3.3.2 Suksesvolheid van bestaande personeelinligtingstelsel

'n Tweede doelwit was om vas te stel hoe suksesvol die huidige personeelstelsel is om te voorsien in die inligtingsbehoefte vir personeelbestuur van die bestuurders aan 'n staatsondersteunde skool. Die response van die hoofde word weergegee in tabel 5.21.

Tabel 5. 21 SUKSES VAN HUIDIGE PERSONEELINLIGTINGSTELSELS

TIPE INLIGTING	Onsuksesvol		Minder Sukksesvol		Sukksesvol		Baie Sukksesvol		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
17. Gegewens van personeel soos kwalifikasies, ervaring en vaardighede	13	6.7	43	22.1	111	56.9	28	14.4	0	0
18. Inligting t.o.v. evaluering van personeel	3	1.5	18	9.2	96	49.2	78	40.0	0	0
19. Inligting oor die bevorderbaarheid van personeel	7	3.6	29	14.9	101	51.8	57	29.2	1	0.5
20. Gegewens van beskikbare onderwysers in die omgewing vir moontlike aanstellings in tydelike of addisionele poste	89	45.6	66	33.8	36	18.5	4	2.1	0	0
21. Inligting t.o.v. diensvoordele (salaris, verlof, ens.)	83	42.6	67	34.4	40	20.5	4	2.1	1	0.5
22. Geografiese en persoonlike inligting (adresse, telefoonnommers, verjaardae) van personeel	24	12.3	39	20.0	90	46.2	42	21.5	0	0

Uit tabel 5.21 wat die response oor die sukses van die huidige stelsel weerspieël, kan die volgende afleidings gemaak word.

- * Inligting ten opsigte van die evaluering van personeel is die aspek omtrent personeelinligting wat die meeste respondente (89%) as suksesvol tot baie suksesvol beskryf.
- * Inligtingvoorsiening oor die bevorderbaarheid van personeel word ook deur 'n oorgrote meerderheid hoofde (81%) as suksesvol tot baie suksesvol ervaar.
- * Min van die respondente beskou die verrigting van hulle inligtingstelsel ten opsigte van ander personeelinligtingsaspekte as baie suksesvol (2% - 22%).
- * 'n Groot aantal respondente (79%) beskou die voorsiening van inligting oor die beskikbaarheid van onderwysers in die omgewing (bylae 1 vraag 20) as onsuksesvol tot minder suksesvol. Omdat die voorsiening van onderwysers vir tydelike aanstellings in die verlede 'n funksie van die onderwysdepartement en in besonder van streekkantore was, het min bestuurinligtingstelsels by skole vir hierdie inligting voorsiening gemaak.
- * Dit blyk ook dat die voorsiening van inligting omtrent diensvoordele van personeel as onsuksesvol of minder suksesvol deur die meeste hoofde (77%) ervaar word. Tabel 5.20 dui egter daarop dat hierdie inligting vir 'n groot persentasie hoofde belangrik of baie belangrik is.

Dit kan dus afgelei word dat bestaande bestuursinligtingstelsels ten opsigte van sekere behoeftes redelik suksesvol is, maar dat daar leemtes bestaan en plek is vir verbetering ten opsigte van die voorsiening van personeelinligting aan hoofde van staatsondersteunde skole.

Vervolgens sal daar gekyk word na die inligtingsbehoefte van hoofde vir hulle bestuurstaak ten opsigte van die gemeenskap.

5.3.4 Inligting ten opsigte van die gemeenskap

Vir sy bestuurstaak ten opsigte van die gemeenskap het die onderwysleier inligting nodig (vergelyk 3.4.4).

5.3.4.1 Belangrikheid van inligting ten opsigte van die gemeenskap

Die reaksie van die respondente ten opsigte van die belangrikheid van inligting oor die gemeenskap word saamgevat in tabel 5.22.

Tabel 5.22 BELANGRIKHEID VAN INLIGTING OMTRENT DIE GEMEENSAP

TIPE INLIGTING	Van geen Belang		Minder Belangrik		Belangrik		Baie Belangrik		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
23. Gegewens t.o.v. ouers met spesiale vaardighede (sportafrigters, loodgieters, medici, boekhouers ens.)	1	0.5	12	6.2	79	40.5	103	52.8	0	0
24. Naam- en adreslys van ouers met kinders in die skool	0	0	0	0	41	21.0	153	78.5	1	0.5
25. Gegewens t.o.v. donateurs (skenkings, datums, aard van skenkings ens.)	10	5.1	43	22.1	80	41.0	62	31.8	0	0
26. Gegewens t.o.v. invloedryke persone in die gemeenskap wat die skool goedgesind is	4	2.1	41	21.0	86	44.1	63	32.3	1	0.5
27. Name en adresse van oudleerlinge	16	8.2	99	50.8	56	28.7	22	11.3	2	1.0
28. Gegewens t.o.v. leweransiers en kontrakteurs wat sake met die skool doen	1	0.5	21	10.8	91	46.7	82	42.1	0	0

Uit tabel 5.22 kan die volgende afgelei word:

- * Die enkele aspek omtrent gemeenskapsinligting wat vir die meeste hoofde (78.5%) baie belangrik is, is die name en adresse van die ouers. Dit is begryplik dat hierdie aspek vir hoofde belangrik moet wees aangesien die ouers die direkte kliënte van die skool is en dat bogenoemde inligting uiters noodsaaklik is vir kommunikasie met die ouers.
- * Die meeste ander inligtingsaspekte omtrent die gemeenskap is vir hoofde belangrik tot baie belangrik.
- * Die een vraag wat in tabel 5.22 uitstaan as 'n aspek wat vir die meeste hoofde (59%) minder belangrik of van geen belang is nie, is die name en adresse van oudleerlinge. As die belangrikheid van inligting oor oudleerlinge vir laer- en hoërskole afsonderlik bekyk word, het 65.4 % van hoofde aan laerskole hierdie inligting as minder of van geen belang aangeslaan, terwyl 58,5% hoërskoolhoofde dit as belangrik of baie belangrik beskou. Dit is te verwagte dat daar 'n groter oudleerlingtradisie by hoër- as laerskole sal wees.

In geheel gesien, lyk dit asof die bestuur van die gemeenskap vir die meeste hoofde 'n belangrike bestuursterrein is en dat inligting rakende die gemeenskap belangrik is vir hulle bestuurs taak. Vervolgens sal gekyk word na die mate van sukses waarmee die huidige bestuursinligtingstelsel voorsien aan die behoefte van inligting rakende die gemeenskap.

5.3.4.2 Sukses van die bestaande stelsel ten opsigte van gemeenskapsinligting

Die reaksie van die respondente ten opsigte van hulle menings oor die suksesvolheid van die bestaande inligtingstelsel in verband met inligting oor die gemeenskap word weergegee in tabel 5.23.

Tabel 5. 23 SUKSES VAN HUIDIGE INLIGTINGSTELSEL OMTRENT DIE GEMEENSAP

TIPE INLIGTING	Onsuksesvol		Minder Sukksesvol		Sukksesvol		Baie Sukksesvol		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
23. Gegewens t.o.v. ouers met spesiale vaardighede (sport afrigters, loodgieters, medici, boekhouers ens.)	44	22.6	81	41.5	54	27.7	16	8.2	0	0
24. Naam- en adreslys van ouers met kinders in die skool	3	1.5	13	6.7	99	50.8	79	40.5	1	0.5
25. Gegewens t.o.v. donateurs (skenkings, datums, aard van skenkings ens.)	74	37.9	64	32.8	47	24.1	10	5.1	0	0
26. Gegewens t.o.v. invloedryke persone in die gemeenskap wat die skool goedgesind is	88	45.1	66	33.8	35	17.9	5	2.6	1	0.5
27. Name en adresse van oudleerlinge	103	52.8	62	31.8	23	11.8	5	2.6	2	1.0
28. Gegewens t.o.v. leweransiers en kontrakteurs wat sake met die skool doen	67	34.4	60	30.8	57	29.2	11	5.6	0	0

Uit tabel 5.23 kan die volgende waargeneem word:

- * Die uitstaande punt in hierdie tabel is die feit dat by verre die meeste hoofde (91%) van mening is dat die huidige inligtingstelsel suksesvol tot baie suksesvol is ten opsigte van die verskaffing van inligting oor name en adresse van ouers.
- * Dit lyk asof die respondente van mening is dat hulle huidige inligtingstelsels minder suksesvol tot onsuksesvol is om inligting beskikbaar te stel ten opsigte van die ander aspekte in tabel 5.23. Die afleiding kan gemaak word dat, alhoewel hoofde inligting oor die gemeenskap as belangrik beskou, die ontwikkelaars van die inligtingstelsels wat tans by skole gebruik word hierdie aspek uit die oog verloor het. 'n Verklaring kan wees dat die bestuur van gemeenskapsaangeleenthede in die verlede waarskynlik nie 'n groot prioriteit was nie en dat die meeste skole nog bestuursinligtingstelsels gebruik wat ontwikkel is vir die behoeftes van staatskole.

In geheel gesien, lyk dit asof die bestaande bestuursinligtingstelsels by skole minder suksesvol is om aan hoofde die inligting te verskaf wat nodig is vir hulle bestuurstaak rakende die gemeenskap.

5.3.5 Inligting in verband met leerlinge

'n Vyfde afdeling van die vraelys het oor die inligtingsbehoefte en die sukses van die inligtingstelsel ten opsigte van inligting oor leerlingaangeleenthede gehandel.

5.3.5.1 Die belangrikheid van inligting oor leerlingaangeleenthede

Die reaksie van respondente op vrae oor die belangrikheid van hulle inligtingsbehoefte rakende leerlingaangeleenthede word weergegee in tabel 5.24.

Tabel 5.24 BELANGRIKHEID VAN INLIGTING RAKENDE LEERLINGE

TIPE INLIGTING	Van geen Belang		Minder Belangrik		Belangrik		Baie Belangrik		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
29. Persoonlike gegewens van leerlinge (naam, standerd, IK, medies, ens.)	0	0	0	0	24	12.3	171	87.7	0	0
30. Akademiese gegewens van leerlinge (vak-kombinasies, punte, rapporte)	0	0	2	1.0	26	13.3	166	85.1	1	0.5
31. Betrokkenheid van leerlinge by sport (deel-name, prestasies, spanne)	0	0	21	10.8	101	51.8	73	37.4	0	0
32. Betrokkenheid van leerlinge by kultuuraktiwiteite	0	0	24	12.3	100	51.3	71	36.4	0	0

Die gegewens in tabel 5.24 dui daarop dat inligting aangaande leerlingaangeleenthede vir die meeste hoofde van groot belang is. Opvallend uit hierdie tabel is dat persoonlike gegewens van leerlinge vir 87.7% van die hoofde baie belangrik en vir die res belangrik is. Ewe-eens is akademiese gegewens vir 85.1% van die hoofde baie belangrik. Vreemd is egter die reaksie van een hoof wat van mening is dat akademiese gegewens van leerlinge buite sy bestuursterrein val.

'n Interessante verskynsel wat blyk uit tabel 5.24 is dat die betrokkenheid van leerlinge by sport- en kultuurbedrywighede omtrent ewe belangrik aangeslaan word deur die respondente. Inligting oor beide hierdie buitemuurse aangeleenthede word deur die meerderheid hoofde as belangrik of baie belangrik beskou. In geheel is inligting oor buitemuurse aangeleenthede ietwat minder belangrik as persoonlike en akademiese gegewens.

5.3.5.2 Suksesvolheid van bestaande leerlingstelsel

Tabel 5.25 weerspieël die mening van respondente ten opsigte van die suksesvolheid van die huidige stelsel om hulle van inligting rakende leerlingaangeleenthede te voorsien.

Tabel 5. 25 SUKSES VAN HUIDIGE LEERLINGSTELSEL

TIPE INLIGTING	Onsuksesvol		Minder Sukksesvol		Sukksesvol		Baie Sukksesvol		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
29. Persoonlike gegewens van leerlinge (naam, standaard, IK, medies, ens.)	10	5.1	20	10.3	85	43.6	80	41.0	0	0
30. Akademiese gegewens van leerlinge (vak-kombinasies, punte, rapporte)	8	4.1	10	5.1	70	35.9	106	54.4	1	0.5
31. Betrokkenheid van leerlinge by sport (deel-name, prestasies, spanne)	36	18.5	63	32.3	73	37.4	23	11.8	0	0
32. Betrokkenheid van leerlinge by kultuuraktiwiteite	46	23.6	64	32.8	64	32.8	21	10.8	0	0

Die gegewens in tabel 5.25 dui op die volgende:

- * Die meeste hoofde (83.6%) is van mening dat hulle stelsels suksesvol of baie suksesvol is om inligting omtrent persoonlike gegewens van leerlinge te verskaf. Die feit dat bykans 60% van die hoofde aandui dat hulle inligtingstelsels nie as baie suksesvol beskryf kan word ten opsigte van hierdie vraag nie, dui daarop dat daar tog plek vir verbetering is. Hierdie resultate dui moontlik daarop dat die inligtingstelsels waarskynlik nie op 'n enkele databasis gegrond is nie, wat dit moeiliker maak om gegewens by te hou en inligting te onttrek (vergelyk 4.13.2).
- * Gerekenariseerde punteadministrasiestelsels was waarskynlik een van die eerste toepassings van gerekenariseerde administrasiestelsels by skole (vergelyk die hoë gebruiksfrekwensie in tabel 5.12). Dit is daarom te verwagte dat hierdie aspek van die inligtingstelsel by skole die mees suksesvolle sal wees. Response op vraag 30 toon ook dan dat 54.4% van die hoofde van mening is dat hulle inligtingstelsel in hierdie opsig baie suksesvol is. Nogtans dink die ander 45.6% dat hierdie aspek beter kan wees. Dit moet in gedagte gehou word dat skole van 'n hele aantal verskillende inligtingstelsels, wat deur verskillende organisasies ontwikkel en bemark word, gebruik maak. Dit kan ook wees dat sekere stelsels beter inligting as ander verskaf.
- * Dit blyk ook uit die tabel dat die verskaffing van inligting oor die betrokkenheid van leerlinge by sport- en kultuuraangeleenthede deur 'n aansienlike aantal hoofde (51% en 56%) as minder suksesvol of

onsuksevol ervaar word. Dit wil voorkom dat die verbetering van inligtingstelsels ten opsigte van hierdie terreine aan te beveel is.

In geheel gesien, is inligting ten opsigte van leerlingaangeleenthede vir hoofde van groot belang. Dit wil ook voorkom asof huidige bestuursinligtingstelsels by skole, met die uitsonderings wat genoem is, redelik suksesvol is in die verskaffing van inligting vir hierdie bestuursterrein.

Om sy leerlingaktiwiteite tot hulle volle reg te laat kom, het 'n staatsondersteunde skool geld nodig en om hierdie fondse reg aan te wend, is inligting nodig. In die volgende gedeelte sal daar dan vervolgens gekyk word na die finansiële inligtingsbehoefes van die onderwysleiers.

5.3.6 Finansiële inligting

Vir finansiële beplanning en beheeruitoefening het die onderwysleier sekere inligting nodig (vergelyk 3.4.1.3). Die doel met die vrae in hierdie afdeling was om vas te stel hoe belangrik finansiële inligting vir die respondente is en hoe suksesvol hulle bestaande stelsels is om hierdie inligting te voorsien.

5.3.6.1 Belangrikheid van finansiële inligting

Die response van hoofde in verband met die belangrikheid van inligting oor finansiële aangeleenthede word saamgevat in tabel 5.26.

Tabel 5.26 BELANGRIKHEID VAN FINANSIËLE INLIGTING

TIPE INLIGTING	Van geen Belang		Minder Belangrik		Belangrik		Baie Belangrik		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
33. Inligting oor die toewysing en aanwending van fondse in die vorige boekjaar	0	0	4	2.1	45	23.1	146	74.9	0	0
34. Inligting oor die toewysing en aanwending van fondse in die huidige boekjaar	0	0	0	0	26	13.3	169	86.7	0	0
35. Inligting oor die stand van betaling van skoolgeld	0	0	0	0	18	9.2	177	90.8	0	0

Uit tabel 5.26 is dit duidelik dat respondente inligting rakende finansies feitlik deurgaans as baie belangrik beskou. Selfs historiese inligting oor gebeure in die vorige boekjaar (vraag 33), is vir bykans 75% van die respondente baie belangrik. Hierdie gegewens word waarskynlik benodig vir begrotingsdoeleindes om 'n raming te kan maak vir verwagte inkomstes en uitgawes. Dit is duidelik dat dit vir die meeste hoofde baie belangrik is om 'n vinger op die pols te hou ten opsigte van die betaling van skoolgeld (vraag 35). Skoolgeld is waarskynlik dié belangrikste bron van inkomste van die staatsondersteunde skool.

5.3.6.2 Suksesvolheid van die bestaande finansiële inligtingstelsel

In tabel 5.27 word aangedui hoe suksesvol die huidige finansiële bestuursinligtingstelsel deur respondente bevind is.

Tabel 5. 27 SUKSES VAN HUIDIGE FINANSIËLE INLIGTINGSTELSEL

TIPE INLIGTING	Onsuksesvol		Minder Suksesvol		Suksesvol		Baie Suksesvol		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
33. Inligting oor die toewysing en aanwending van fondse in die vorige boekjaar	11	5.6	32	16.4	91	46.7	61	31.3	0	0
34. Inligting oor die toewysing en aanwending van fondse in die huidige boekjaar	6	3.1	27	13.8	83	42.6	79	40.5	0	0
35. Inligting oor die stand van betaling van skoolgeld	4	2.1	19	9.7	90	46.2	82	42.1	0	0

Die gegewens in tabel 5.27 dui daarop dat die meerderheid hoofde van mening is dat hulle inligtingstelsels ten opsigte van finansies suksesvol tot baie suksesvol is. Die feit dat nie alle hoofde van mening is dat hierdie stelsels baie suksesvol is nie, terwyl die inligting wat daaruit moet voortvloei vir hulle baie belangrik is, toon dat daar wel leemtes bestaan in die vermoë van sekere inligtingstelsels by skole om finansiële inligting te verskaf.

5.3.7 Inligting rakende fasiliteite en toerusting

Die sewende bestuurterrein wat aangespreek is om die inligtingsbehoefes van respondente vas te stel, het gehandel oor die fasiliteite, toerusting en media.

5.3.7.1 Belangrikheid van inligting oor fasiliteite en toerusting

Die response van die respondente oor die belangrikheid van die inligting oor hierdie vrae (vrae 36-39, bylae 1) word gereflekteer in tabel 5.28.

Tabel 5.28 BELANGRIKHEID VAN INLIGTING OMTRENT FASILITEITE

TIPE INLIGTING	Van geen Belang		Minder Belangrik		Belangrik		Baie Belangrik		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
36. Inligting t.o.v. die aantal, tipe en grootte van lokale by die skool	1	0.5	63	32.3	87	44.6	42	21.5	1	0.5
37. Inligting oor toerusting, meubels en apparatuur	0	0	10	5.1	75	38.5	108	55.4	2	1.0
38. Inligting oor die toestand van geboue, terreine en sportvelde	0	0	20	10.3	84	43.1	90	46.2	1	0.5
39. Inligting oor onderwysmedia by die skool (boeke, projektors, rekenaars ens.)	0	0	4	2.1	62	31.8	129	66.2	0	0

Uit tabel 5.28 blyk dit dat die groot meerderheid respondente inligting oor al die aspekte van hierdie afdeling as belangrik of baie belangrik beskou. Opvallend is dat net 21.5% van die respondente inligting oor die aantal, tipe en grootte van lokale (vraag 36) as baie belangrik beskou. 'n Verklaring hiervoor kan wees dat hierdie inligting redelik staties bly en nie van jaar tot jaar baie verander nie. Aan die ander kant beskou 66,2% van die respondente inligting oor onderwysmedia (vraag 39) as baie belangrik. Die rede kan wees dat hierdie duur items dwarsdeur die skool gebruik en soms aan leerlinge verskaf word. 'n Noukeurige kontrolestelsel wat tred kan hou met waar onderwysmedia gevind kan word, sal net beheeruitoefening vergemaklik vir die onderwysbestuurder.

5.3.7.2 Suksesvolheid van bestaande inligtingstelsel ten opsigte van fasiliteite en toerusting

Tabel 5.29 is 'n samevatting van hoe suksesvol die huidige inligtingstelsel deur die respondente gevind word om inligting ten opsigte van fasiliteite en toerusting te verskaf.

Tabel 5. 29 SUKSES VAN HUIDIGE INLIGTINGSTELSEL RAKENDE FASILITEITE

TIPE INLIGTING	Onsuksesvol		Minder Suksesvol		Suksesvol		Baie Suksesvol		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
36. Inligting t.o.v. die aantal, tipe en grootte van lokale by die skool	74	37.9	52	26.7	51	26.2	16	8.2	2	1.0
37. Inligting oor toerusting, meubels en apparatuur	35	17.9	55	28.2	80	41.0	23	11.8	2	1.0
38. Inligting oor die toestand van geboue, terreine en sportvelde	69	35.4	45	23.1	63	32.3	17	8.7	1	0.5
39. Inligting oor onderwysmedia by die skool (boeke, projektors, rekenaars ens.)	456	23.1	42	21.5	78	40.0	30	15.4	0	0

Uit tabel 5.29 blyk dit dat die meerderheid respondente (65%) van mening is dat hulle inligtingstelsels minder suksesvol tot onsuksesvol is om inligting ten opsigte van die aantal, tipe en grootte van lokale (vraag 36) en inligting oor die toestand van geboue, terreine en sportterreine te verskaf (vraag 38) (59%). 'n Klein meerderheid respondente dink dat hulle stelsels suksesvol tot baie suksesvol is om inligting oor toerusting en apparatuur (vraag 37) (53%) en onderwysmedia (vraag 39) (55%) te voorsien. In geheel lyk dit asof 'n groot aantal bestuursinligtingstelsels by skole nie aan die verwagting van hoofde voldoen om inligting ten opsigte van fasiliteite, toerusting en media te verskaf nie.

5.3.8 Kurrikuluminligting

Die doel met die vrae (40 - 43) in hierdie afdeling was om vas te stel hoe belangrik sekere inligting rakende die kurrikulum en verwante sake vir die onderwysbestuurder is. 'n Tweede doelwit was weer eens om vas te stel hoe suksesvol die huidige inligtingstelsel in hierdie opsig is.

5.3.8.1 Belangrikheid van kurrikuluminligting

Tabel 5.30 weerspieël die respondente se mening omtrent die belangrikheid van die inligting van kurrikuluminligting.

Tabel 5.30 BELANGRIKHEID VAN INLIGTING OMTRENT KURRIKULUMAANGELEENTHEDE

TIPE INLIGTING	Van geen Belang		Minder Belangrik		Belangrik		Baie Belangrik		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
40. Kurrikuluminligting soos vakpakkette, aantal periodes per week, eksamenvoorskrifte	2	1.0	14	7.2	60	30.8	115	59.0	4	2.1
41. Inligting oor sillabusdoelstellings en werkskemas	1	0.5	8	4.1	57	29.2	127	65.1	2	1.0
42. 'n Vraagbank en/of ou vraestelle vir elke vak	1	0.5	18	9.2	79	40.5	96	49.2	1	0.5
43. Roosterdata per vak en standaard soos aantal periodes en onderwyser	1	0.5	4	2.1	59	30.3	131	67.2	0	0

Die gegewens in tabel 5.30 dui daarop dat die oorgrote meerderheid van respondente (90% - 98%) inligting rakende die kurrikulum as belangrik of baie belangrik beskou . Vreemd is egter die verskynsel dat 'n paar respondente van hierdie inligting as van geen belang of as buite hulle bestuursarea aanslaan.

5.3.8.2 Sukses van bestaande stelsel ten opsigte van kurrikuluminligting

Tabel 5.31 weerspieël die respondente se reaksie ten opsigte van die suksesvolheid van hulle huidige bestuursinligtingstelsel om kurrikuluminligting te verskaf.

Tabel 5.31 SUKSES VAN HUIDIGE KURRIKULUMINLIGTINGSTELSEL

TIPE INLIGTING	Onsuksesvol		Minder Sukksesvol		Sukksesvol		Baie Sukksesvol		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
40. Kurrikuluminligting soos vakpakkette, aantal periodes per week, eksamenvoorskrifte	62	31.8	39	20.0	64	32.8	26	13.3	4	2.1
41. Inligting oor sillabusdoelstellings en werkskemas	74	37.9	40	20.5	60	30.8	19	9.7	2	1.0
42. 'n Vraagbank en/of ou vraestelle vir elke vak	74	37.9	56	28.7	48	24.6	16	8.2	1	0.5
43. Roosterdata per vak en standerd soos aantal periodes en onderwyser	59	30.3	33	16.9	65	33.3	38	19.5	0	0

Opvallend in tabel 5.31 is die relatief groot aantal respondente (30% - 38%) wat aandui dat hulle bestuursinligtingstelsels onsuksesvol is om inligting rakende die kurrikulum te verskaf. Terselfdertyd is die persentasie responente wat hulle stelsels as baie suksesvol ervaar relatief klein (8% - 20%).

In geheel gesien, lyk dit asof hoofde inligting oor die kurrikulum as belangrik beskou, maar van mening is dat hulle bestuursinligtingstelsels nie heeltemal suksesvol is om hulle van hierdie inligting te voorsien nie.

5.3.9 Algemene formaat van inligting

Die doel met die vrae in hierdie afdeling was om vas te stel hoe belangrik dit vir respondente is om inligting in 'n spesifieke gefiltreerde of maklik interpreteerbare formaat te ontvang. 'n Verdere doelstelling was om vas te stel in watter mate die huidige bestuursinligtingstelsel suksesvol was in hierdie opsig.

5.3.9.1 Belangrikheid van die formaat waarin inligting verskaf word

Die response ten opsigte van die belangrikheid van die formaat word weergegee in tabel 5.32.

Tabel 5.32 BELANGRIKHEID VAN FORMAAT WAARIN INLIGTING VOORSIEN WORD

TIPE INLIGTING	Van geen Belang		Minder Belangrik		Belangrik		Baie Belangrik		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
44. 'n Indeks volgens trefwoorde vir alle departementele voorskrifte, omsendbriewe, regulasies ens.	1	0.5	15	7.7	64	32.8	115	59.0	0	0
45. Saamgestelde inligting soos bv. " 'n Naamlys van leerlinge wat bus ry en in 'n sekere standaard is"	6	3.1	39	20.0	71	36.4	71	36.4	8	4.1
46. Grafiese inligting soos bv. " 'n Grafiek wat die verspreiding van punte vir Wiskunde aandui"	0	0	17	8.7	66	33.8	111	56.9	1	0.5
47. Inligting in grafiese vorm waaruit tendense soos byvoorbeeld t.o.v. inkomstes en uitgawes afgelei kan word	3	1.5	18	9.2	93	47.7	81	41.5	0	0

Die gegewens in tabel 5.32 dui daarop dat dit vir die meeste respondente (73% - 92%) belangrik of baie belangrik is om inligting in 'n vereenvoudigde, gefiltreerde of grafiese formaat te ontvang. Die relatief groter persentasie respondente (23%) wat aangedui het dat saamgestelde inligting van geen belang of minder belangrik is, kan miskien daaraan toegeskryf word dat die formulering van die vraag minder geslaagd was. Van die respondente het waarskynlik eerder die voorbeeld as die tipe van inligting wat dit probeer illustreer as vraag gesien.

5.3.9.2 Sukses van bestaande inligtingstelsel ten opsigte van die formaat van aanbidding

Tabel 5.33 is 'n samevatting van hoe suksesvol die huidige stelsel deur die respondente ervaar word om inligting in 'n spesifieke formaat af te voer.

Tabel 5. 33 SUKSES VAN FORMAAT VAN HUIDIGE INLIGTING

TIPE INLIGTING	Onsuksesvol		Minder Sukksesvol		Sukksesvol		Baie Sukksesvol		Buite Bestuursarea	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
44. 'n Indeks volgens trefwoorde vir alle departementele voorskrifte, omsendbriewe, regulasies ens.	88	45.1	58	29.7	37	19.0	12	6.2	0	0
45. Saamgestelde inligting soos bv. " 'n Naamllys van leerlinge wat bus ry en in 'n sekere standaard is"	58	29.7	55	28.2	57	29.2	17	8.7	8	4.1
46. Grafiese inligting soos bv. " 'n Grafiek wat die verspreiding van punte vir Wiskunde aandui"	48	24.6	40	20.5	69	35.4	37	19.0	1	0.5
47. Inligting in grafiese vorm waaruit tendense soos byvoorbeeld t.o.v. inkomstes en uitgawes afgelei kan word	74	37.9	62	31.8	44	22.6	15	7.7	0	0

Uit tabel 5.33 lyk dit asof bestuursinligtingstelsels by skole gemengde sukses behaal om aan respondente inligting in sekere formate te verskaf. Dit blyk dat 'n geringe meerderheid respondente (54%) van mening is dat hulle stelsels suksesvol of baie suksesvol is om inligting in 'n grafiese formaat weer te gee (vraag 46). Ten opsigte van die ander vrae in tabel 5.33 is die inligtingstelsels by skole, volgens die respondente, nie baie suksesvol nie.

In geheel gesien, lyk dit asof respondente 'n behoefte daaraan het om inligting in 'n gefiltreerde en maklik interpreteerbare formaat te ontvang (kyk 4.8 en 4.13.3.5), maar dat baie van die bestuursinligtingstelsels by skole nie oor die fasiliteite beskik om aan hierdie behoefte te voldoen nie.

Uit die voorafgaande gedeeltes (5.3.3 - 5.3.9) blyk dit telkens dat inligting omtrent die meeste onderwerpe vir die respondente in 'n hoë mate belangrik was, terwyl die inligtingstelsels nie altyd baie suksesvol deur die respondente gerapporteer is nie. Laasgenoemde verskynsel laat die vermoede ontstaan dat daar waarskynlik 'n betekenisvolle verskil bestaan tussen die belangrikheid van sekere inligting en die vermoë van die bestuursinligtingstelsels om hierdie inligting suksesvol te voorsien.

5.3.10 Belangrikheid teenoor suksesvolheid

Aangesien voorafgaande afleidings (5.33 - 5.39) gemaak is uit frekwensiebepalings wat slegs beskrywende statistiek is, kon daar nie met sekerheid afgelei word of die verskille wat oënskynlik tussen die belangrikheid van die inligting en die sukses van die stelsel om die inligting te voorsien, betekenisvol is nie. Gevolglik is 'n gepaarde t-toets tussen die belangrikheid van die inligting en suksesvolheid van die inligtingstelsel

gedoen om vas te stel of daar wel betekenisvolle verskille bestaan. Die resultate van hierdie toetsing word weergegee in tabel 5.34.

In tabel 5.34 is:

$\bar{x}$: steekproefgemiddelde

s : standaardafwyking van die verskille

t : t-waarde

p : betekenispeil

d : effekgrootte

Uit tabel 5.34 blyk dit uit die p -waarde dat daar statisties betekenisvolle verskille bestaan tussen die belangrikheid van die inligting en die mate van sukses waartoe die inligtingstelsel in staat is om hierdie inligting te voorsien vir al die vrae (vraag 17 tot vraag 47). Die vraag ontstaan of daar werklike verskille bestaan wat groot genoeg is dat dit prakties betekenisvol sal wees. Om hierdie vraag te beantwoord, word die effekgrootte (d) bereken uit die formule (PU vir CHO, 1991:9-20)

$$d = \frac{\bar{x}}{s}$$

Waar $\bar{x}$ die gemiddelde verskil is tussen die tellings van belangrikheid en suksesvolheid, terwyl s die standaardafwyking van die verskille is.

Die berekende waardes vir d word weergegee in die laaste kolom van tabel 5.34.

TABEL 5.34 Gepaarde t-toets: Belangrikheid / Suksesvolheid

Relevante inligting	$\bar{x}$	s	t	p	d
17. Kwalifikasies en ervaring van personeel	0.87	0.90	13.4	0.0001•	0.97**
18. Evaluering van personeel	0.57	0.74	10.7	0.0001•	0.77**
19. Bevorderbaarheid van personeel	0.66	0.83	11.0	0.0001•	0.80**
20. Besikbare onderwysers: tydelik / addisioneel	1.61	1.09	20.5	0.0001•	1.47**
21. Diensvoordele van onderwysers	1.58	1.02	21.6	0.0001•	1.55**
22. Onderwysers: persoonlik / geografies	0.59	1.16	7.1	0.0001•	0.51*
23. Ouers met spesiale vaardighede	1.24	1.04	16.6	0.0001•	1.19**
24. Ouers: naam- en adreslys	0.48	0.65	10.2	0.0001•	0.73**
25. Donateurs	1.03	1.08	13.3	0.0001•	0.95**
26. Invloedryke persone uit gemeenskap	1.29	1.07	16.8	0.0001•	1.20**
27. Oudleerlinge: name en adresse	0.80	1.06	10.4	0.0001•	0.75**
28. Leweransiers / kontrakteurs	1.24	1.08	16.0	0.0001•	1.15**
29. Leerlinge: persoonlike gegewens	0.67	0.86	10.9	0.0001•	0.78**
30. Leerlinge: akademiese gegewens	0.43	0.70	8.6	0.0001•	0.61**
31. Leerlinge: sportdeelname	0.84	1.01	11.7	0.0001•	0.83**
32. Leerlinge: kultuurdeelname	0.93	0.99	13.2	0.0001•	0.94**
33. Fondse: vorige boekjaar	0.69	0.88	10.9	0.0001•	0.78**
34. Fondse: huidige boekjaar	0.66	0.83	11.1	0.0001•	0.80**
35. Skoolgeld: stand van betalings	0.63	0.75	11.6	0.0001•	0.84**
36. Lokale: aantal, tipe en grootte	0.83	1.17	9.9	0.0001•	0.71**
37. Toerusting, meubels, apparatuur	1.04	1.03	13.9	0.0001•	1.00**
38. Toestand: geboue,terreine, sportvelde	1.22	1.06	16.0	0.0001•	1.15**
39. Onderwysmedia	1.16	1.12	14.5	0.0001•	1.04**
40. Kurrikulum: vakpakkette, periodes, eksamens	1.23	1.11	15.2	0.0001•	1.11**
41. Sillabusdoelstellings / vakwerkskemas	1.48	1.09	18.7	0.0001•	1.36**
42. Vraagbank / ou vraestelle	1.36	1.06	17.8	0.0001•	1.28**
43. Roosterdata: per vak/standerd/onderwyser	1.22	1.13	15.0	0.0001•	1.08**
44. Indeks: departementele voorskrifte/regulasies	1.64	1.07	21.4	0.0001•	1.53**
45. Saamgestelde inligting	0.93	1.16	10.9	0.0001•	0.80**
46. Grafiese inligting: verspreidingsgrafieke	0.99	1.18	11.7	0.0001•	0.84**
47. Tendensgrafieke	1.29	1.13	16.0	0.0001•	1.14**

• Statisties betekenisvolle verskil
p < 0.05

* Medium } Prakties betekenisvolle
** Groot } effekgrootte

Die waarde van die effekgrootte (d) dui aan of daar 'n prakties betekenisvolle verskil bestaan tussen die belangrikheid van die inligting en die sukses van die stelsel om die inligting te voorsien. Die grenswaardes van die effek van d op die praktiese betekenis van die verskille word weergegee in tabel 5.35 (PU vir CHO, 1991: 9-20).

TABEL 5.35 Grenswaardes van d

d	Praktiese Betekenisvolheid
$d < 0.15$	Geen effek
$0.15 \leq d < 0.35$	Klein effek
$0.35 \leq d < 0.6$	Medium effek
$d \geq 0.6$	Groot effek

Uit die waardes van d (tabel 5.34), gesien teen die betekenis van die waardes van d van tabel 5.35, kan daar nou afgelei word dat daar 'n groot prakties betekenisvolle verskil bestaan tussen die belangrikheid van die inligting en die sukses van die bestuursinligtingstelsel om die inligting te voorsien. Bogenoemde geld vir al die vrae in tabel 5.34, behalwe vraag 22 waar die effek medium grootte is.

Die slotsom waartoe gekom kan word, is dat die bestuursinligtingstelsels by skole nie heeltemal voldoen aan die inligtingsbehoefte van die hoofde aan staatsondersteunde skole nie.

Die vraag ontstaan of die skole wat wel gerekenariseerde stelsels aanwend die voorsiening van inligting meer suksesvol ervaar as die skole wat nie

rekenaars gebruik nie. Om 'n antwoord op hierdie vraag te probeer kry, is gebruik gemaak van 'n t-toets.

5.3.11 t - Toets

'n t-Toets is gedoen tussen die gebruik van 'n rekenaar in 'n sekere bestuursarea en die relatiewe sukses wat die respondent vir die verkryging van inligting in die besondere bestuursarea gerapporteer het. So byvoorbeeld is die response oor die suksesvolheid van die ses vrae wat handel oor personeelinligting (vrae 17-22) vir elke respondent bymekaar getel vir 'n totale punt uit 24. Hierdie totaal is vergelyk met die respons op vraag 11 wat bepaal of 'n respondent 'n gerekenariseerde personeelstelsel gebruik het. Met behulp van 'n t-toets is bepaal of daar 'n betekenisvolle verskil bestaan tussen die reaksie van respondente wat 'n gerekenariseerde personeelstelsel gebruik teenoor die totaal van diene wat gedeeltelik of glad nie 'n gerekenariseerde personeelstelsel gebruik nie.

Op soortgelyke wyse is die suksesvolheid van leerlinginligting (vrae 29 tot 32) vergelyk met die aanwending van 'n gerekenariseerde leerlingstelsel (vraag 9), finansiële inligting (vrae 33 - 35) met 'n gerekenariseerde boek-houster (vraag 10) en inligting oor fasiliteite (vrae 37 en 39) met 'n gerekenariseerde voorraadstelsel (vraag 12).

Die resultate van bogenoemde t-toetse het in geen geval 'n betekenisvolle verskil aangedui tussen die skole wat wel gerekenariseerde stelsels gebruik het en diene wat die rekenaar gedeeltelik of glad nie aanwend nie.

Bogenoemde resultate toon dat die gebruik, gedeeltelike gebruik of afwesigheid van 'n rekenaar geen beduidende invloed het op die sukses van

die stelsel om inligting aan die bestuurder (hoof) van die staatsondersteunde skool te verskaf nie.

Laasgenoemde resultate bevestig die afleidings wat gemaak is in die vorige gedeelte (5.3.10), naamlik dat bestuurinligtingstelsels by skole nie heeltemal suksesvol is om aan die inligtingsbehoefes van die hoofde van staatsondersteunde skole te voldoen nie. 'n Verklaring hiervoor kan moontlik een of meer van die volgende aspekte wees:

- * Bestaande bestuursinligtingstelsels by skole is nog gerig op die inligtingsbehoefes van staatskole.
- * Bestuursinligtingstelsels by skole is ontwerp om net die inligtingsbehoefes van sekere bestuursareas aan te spreek.
- * Bestuursinligtingstelsels by skole is nooit ontwerp as geïntegreerde stelsels gerig op die inligtingsbehoefes van die bestuurders nie, maar eerder as dataverwerkingstelsels (kyk 4.10).
- * 'n Bestuursinligtingstelsel het 'n beperkte lewe (vergelyk 4.14) en tensy dit dikwels vernuwe of aangepas word, kan dit verouderd raak en nie meer die inligtingsbehoefes van die bestuurders in nuwe omstandighede bevredig nie.
- * Die bestuursinligtingstelsels by skole is ontwikkel deur verskillende instansies en die verskillende stelsels is dalk in 'n mindere of meerdere mate suksesvol in verskillende bestuursareas.

- * Die moontlikheid bestaan dat van die ontwikkelaars van bestuursinligtingstelsels nie behoorlik ondersoek ingestel het na die inligtingsbehoefes van die bestuurders van skole nie.
- * Skole kan moontlik nie 'n ten volle geïntegreerde stelsel bekostig nie en koop dan 'n stelsel wat aan hulle dringendste behoeftes voldoen (vergelyk die hoë gebruik (kyk 5.3.2.5) en relatiewe sukses van punte-administrasie (kyk 5.3.5.2)).
- * Daar is moontlik 'n gebrek aan gekwalifiseerde en ervare rekenaarpersoneel om die bestuursinligtingstelsel suksesvol te bedryf (vergelyk 5.3.2.10).
- * Besluitnemers by skole is moontlik nie genoegsaam ingelig om te weet wat om te verwag van 'n suksesvolle bestuursinligtingstelsel nie. Hierdie gebrek aan kennis kan die besluit oor die aankoop van die regte stelsel baie moeilik maak.

Om vas te stel of daar 'n verband bestaan tussen die biografiese gegewens van die respondente en die aanwending van die rekenaar by die skool is gebruik gemaak van tweerigtingfrekwensies.

5.3.12 Tweerigtingfrekwensie

Tweerigtingfrekwensies is gedoen van die ouderdomme (vraag 2), die kwalifikasie in onderwysbestuur (vraag 3) en die rekenaarervaring (vraag 4) van die respondente om die verband met die aanwending van die rekenaar vir onderrig en administrasie te ondersoek.

Uit die resultate van die tweerigtingfrekwensies het dit geblyk dat nóg die ouderdom van die hoof, nóg sy kwalifikasie in onderwysbestuur, nóg sy rekenaarervaring enige beduidende rol gespeel het in die aanwending van die rekenaar in onderrig of administrasie by die skool waaraan die hoof verbonde is.

5.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die navorsingsontwerp en verskillende meetinstrumente wat moontlik in die navorsing gebruik kon word. Daar is veral besin oor die gerekenariseerde posvraelys as meetinstrument vir opvoedkundige navorsing. Verder is die konstruksie van 'n vraelys vir hierdie navorsing bespreek.

Die data wat met behulp van die vraelyste ingesamel is, is statisties verwerk, gerapporteer en geïnterpreteer.

Uit die resultate wat verkry is met die vraelyste aan die hoofde van staatsondersteunde skole en die gegewens wat ingesamel is met die literatuurstudie wat in hoofstukke twee tot vier gerapporteer is, was dit moontlik om 'n model van 'n bestuursinligtingstelsel vir 'n staatsondersteunde skool daar te stel. Hierdie model sal in die volgende hoofstuk nader toegelig word.